PREDIKANTE:
Dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
Ds Louis Buys
☎ 082 927 2034

BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za
WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za
FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

Polsslag

Rom 12:2

Gereformeerde Kerk Benoni

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

KOÖRDINEERDER
Ronel Ritchie
☎ 011 849 6817
☎ 081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za

26 Maart 2017

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE:

OGGENDDIENS 09:00

ds. Louis Buys

Skriflesing: *2 Samuel 15: 7-18 , 23-26*
Teksvers: *2 Samuel 15: 25 & 26*
Tema: *Wat as my drome aan skerwe lê?*

LOF- & AANBIDDINGSDIENS 17:00

dr. Braam Krüger

Skriflesing: *Johannes 17: 1-8*
Teksvers: *Johannes 17: 3*
Tema: *Ewige lewe is om God te ken en deur Hom geken te wees.*

AANDDIENS 18:30

ds. Louis Buys

Skriflesing*: Prediker 5: 1-8*
Teksvers*: Prediker 5: 3*
Tema*: Die mag van die gewoonte.*

HARTLIK WELKOM AAN
ALLE LIDMATE EN BESOEKERS.
KOM GENIET 'N KOPPIE KOFFIE/TEE
NA DIE EREDIENS IN DIE SAAL.

KNIELTYD - Ons gee om vir mekaar

ONS DOEN VOORBIDDING VIR:

- Tannie Pieta Coetzee was in die hospitaal vir 'n breuk, en moet Maandag, 27ste gaan vir verdere toetse. Sy moet Woensdag 29ste spesialis toe gaan om te hoor wat die behandeling behels.
- Ria Nel se skoondogter, Zana van der Merwe moet in die week vir 'n groot rugoperasie gaan.
- Ruth Bakker is opgeneem by die Linmed se psigiatriese afdeling vir behandeling en waarneming.

Ons bid hierdie lidmate 'n spoedige en volkome herstel toe, en dat hulle God se nabyheid sal ervaar.

Het jy behoefte dat iemand vir jou of saam met jou bid?
Jy kan jou gebedsversoeke stuur na 084 627 2393
Ons bid graag vir jou!

GKSA BEROEPENUUS
BEROEPE AANVAAR

- Ds CB Robinson (Brahm) van Walvisbaai na Cachet.

BEROEPE BEDANK

- Ds CJ van Heyningen (Johan) van Stellenbosch na Windhoek-Suid.

Let asb daarop dat die kerkkantoor tydelik slegs Donderdae van 09:00-13:00 sal oop wees agv. die adminbeampte en attestaat skriba, Ina Bolt wat tot 10 April op verlof is. Die kerkkantoor se telefoon sal tot dan na Elma Jansen, die koster, deurgesit word, en Elma sal alle navrae na die regte persone kanaliseer om voortdurende funksionering van die kantoor sover moontlik te verseker. Kerkkantoor ☎ 011 849 2054 of Elma Jansen ☎ 082 647 8948.

DAGBOEK VIR VIR DIE WEEK

DAG		AKTIWITEIT	KONTAK PERSOON	LOKAAL
So. 26/03	08:00 - 09:00 09:00 Na oggenddiens Na 5uur diens	Gebedsuur Peueterklas (2-4jaar) Katkisasie gr 1-7 Katkisasie gr 8-11	Donsie Krüger Anneke Salomons Adri van Tonder Adri van Tonder	Ou Moederskamer Kerkhuis Onderskeie lokale Onderskeie lokale
Ma. 27/03	09:30 19:00	Bybelstudie Rynpark 5 Kom vra jou vrae	Adrie Goede Louis Buys	Rynpark 5 Konsistorie
Di 28/03	09:00	Koördineringsvergadering		Konsistorie
Wo. 29/03	19:00	DUST—hoërskool bybelstudie	Waldo Niemandt	Konsistorie
Vr. 31/03	09:00	Bybelstudie	Braam Krüger	Konsistorie

KOLLEKTES 19 Maart 2017

- Diens van Barmhartigheid : R 4156
- Arso : R 1511

Vandag: Onder die diens: DVB
By die deure: Bybelverspreiding

Volgende week: Kerkkas

GEMEENTEKAMP 2017.
31 MAART – 2 APRIL

Kom kamp weer lekker saam vanaf 31 Maart tot 2 April 2017 by **Malonjeni Game Farm** tussen Heidelberg en Meyerton, waar jy jou battery kan herlaai en jou vreugde kan terugvind. Daar is 180 karavaan-staanplekke en 'n verskeindenheid chaletsbeskikbaar. Daar is ook 'n swembad, tafeltennis, 'n plaaswerf en stap- & fietsry paadjies. Ons gaan Sondag 'n erediens in die kerkie hou.

Besprekings kan direk by Malonjeni ☎ 082 309 8075 , of ☎ 016 424 5932 gemaak word,

of per epos bookings@malonjeni.co.za .

Verwysing: Naam en GK Benoni

Vir meer inligting oor Malonjeni Lodge gaan kyk gerus op hulle webwerf.

Navrae: Derik van Niekerk ☎ 063 354 9731

VERJAARSDAE
26 Maart - 2 April

DAG	NAAM	KONTAK NO.
26/03	Gerda Bezuidenhout Nicolene Louw	082 738 7839 074 442 3272
27/03	Harry Salomons Sorika Watt	084 600 1110 083 232 5460
28/03	Jan Bonsma Drienie Roselt *** Mathilde Sterkenburg	074 111 2371 076 890 7430 082 852 3062
29/03	Elbie Ligthelm Steffie Venter	082 510 7821 083 783 3800
30/03	Bernadine Roberts	082 963 0347
1/04	Christa Venter	082 920 2745

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

SUSTERSSAAMTREK 2018

Ons vertrou alle susters wat die sustersaamtrek in Boksburg bygewoon het, het dit terdeë geniet.

Dit is GK-Benoni, tesame met Daveyton- en Noord-Oos Rand gemeentes se beurt om die 2018 sustersaamtrek aan te bied.

Alle insette rondom die aanbieding daarvan kan skriftelik teen einde Maart 2017 aan Donsie Krüger gerig word via e-pos of per hand.

Die bestuurskomitee sal graag daaraan oorweging wil skenk.

Donsie Kruger: elKruger@justice.gov.za

BYBELVRAAG VIR DIE WEEK

Verlede keer 19 Maart 2017 se antwoord:**Johannes 21:11**

" Simon Petrus het toe in die skuit geklim en dienet op die land getrek. Dit was vol groot visse, honderd drie en vyftig, en alhoewel daar so baie was, het die net nie geskeur nie.

Die volgende Bybel lesers het korrekte antwoorde ingestuur

Jan Lubbe; Jan Bakker; Martie Gibson; Una Steyn; Chrissie Pretorius; Judy Greyling; Klein de Kock

Hierdie week: Soek die Bybelvers

" Ek bid dat Hy julle ????????? so verhelder dat jullekan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, "

Vraag: Wat bid Paulus wat moet verhelder word in sy gebed vir die Efesiërs?

Lees gerus Efesiërs en noem wat Paulus bid wat verhelder moet word en noem waar bostaande versstaan en SMS dit met jou Naam en Van na 082 873 3173

JEUGWERKERSPOS—GK BENONI.

Kanditate moet in 'n lewende verhouding met God staan, en 'n liefde vir God se Woord hê. Dit is 'n voltydse aanstelling met 'n vaste termynkontrak.

POSVEREISTES:

- Graad of diploma in jeugwerk aan erkende instansie
- Teologiese kwalifikasie sal hoog aangeslaan word

Vir volledige uiteensetting van vereistes, en verwagtinge rondom die pos, of om aansoek te doen vir die pos, kontak Braam Krüger 082 459 5636 en braam@gkbenoni.co.za of Pieter du Plessis 083 701 9727 en zpdp@telkomsa.net

iskunde Hulp

Ek help graag leerders om wiskunde beter te verstaan en sodoende hulle punte te verbeter.

Leerders van graad 7 - 12 welkom.

Kontak my gerus vir meer inligting.

Arno
076 810 0670
arno.aavea@gmail.com

ADVERTENSIES.

VAKATURE BY PKK REDDERSBURG: KINDERVERSORGER – SENIOR DOGTERS

President Kruger Kinderhuis Reddersburg is 'n kinderhuis wat residensiële versorging en terapeutiese behandeling aan kinders verskaf deur te voorsien in fisiese, maatskaplike, emosionele en psigologiese behoeftes. Die kinderhuis funksioneer onder toesig van die Gereformeerde Kerke van SA.

Meelewende lidmate van Gereformeerde, Hervormde en NG Kerke word genooi om aansoek te doen.

VOORDELE: Woonstel-inwoning

Gesubsidieerde Pensioenskema

SLUITINGSDATUM: 8 April 2017

NAVRAE: Mnr Izak Fourie

051-553 0086/348

OM AANSOEK TE DOEN:

Faks asseblief volledige CV en getuigskrif van huidige predikant na

051-553 0083 of e-pos na kantoor1.pkk@gmail.com

OPLEIDINGS GELEENTHEID VIR AMBAGSMANNE.

Is jy jonk en soek opleiding in die volgende ambagte; Boilermaker, passer & draaier, meganies, elektries? Ons bied 2-jaar kursusse, en jy kry betaling terwyl jy leer.
Die sentrum is in Camdor, naby Krugersdorp
Kontak Cindy op 078 309 0188

VAKANTE POS

Nutsman posisie vakant by die Raad vir Bejaardes in Kemptonpark. Die doel van die pos is om toesig te hou oor werkers, en om onderhoudwerk aan die binne – en buitegeboue te verrig.
Navraag oor die pos en vereistes kan gerig word aan: Andre Naude op 011 972 4220 / 4268

Om hier te adverteer:
e-pos ronel@gkbenoni.co.za of
kontak Ronel Ritchie ☎ 081 218 3048

DEEL 9

"n Nuwe sak vir nuwe wyn"

Johan van der Merwe Reformasie 500, teologie

"Ek brand liewer in 'n rooiwarm vuur as om hier te sit en verrot". Hierdie opmerking van Luther vertel iets van sy gemoedstoestand as banneling in die kasteel in Wartburg. Dit het egter nie lank geduur voordat Luther sy ballingskap as 'n geleentheid begin sien het nie. Alhoewel hy longontsteking opgedoen het en aan hardlywigheid gely het, was hy veilig en het hy tyd gehad om te dink en te studeer. Sy pen het die instrument geword waarmee hy die Reformasie vanaf sy "Patmos" lewend gehou en bevorder het.

Een van die belangrikste bydraes wat Luther in hierdie tyd gemaak het, was die vertaling van die Bybel in Duits. Alhoewel daar reeds verskeie Duitse vertalings van die Bybel bestaan het, was dit volgens Luther ontoereikend omdat dit blote vertalings van die Vulgaat was. Dit was boonop baie duur en buite die bereik van gewone gelowiges. Hy het aan die werk gespring en teen September 1522, slegs drie maande nadat hy begin werk het, was sy Duitse vertaling van die Nuwe Testament by die drukpers. " Selfs sy gesprek met Eck te Leipzig was nie so 'n aardskuddende gebeurtenis soos sy vertaling van die Bybel nie."

Die vertaling was 'n kitssukses. Melchior Lotter het dit in Wittenberg op drie verskillende drukperse gedruk. In drie maande is bykans 5000 kopieë verkoop. Voordat die volledige Bybel in 1534 gedruk is, het 87 uitgawes verskyn en is meer as 200 000 kopieë gedruk.

Die vertaling van die Bybel in Duits was spreekwoordelik die nuwe wynsak vir die nuwe wyn waarmee Luther as teoloog na vore gekom het. Dit was die bron van sy teologie en die gesag waarop hy hom deurentyd beroep het. Regverdigmaking deur die geloof, die Skrif alleen, geloof alleen, genade alleen en die priesterskap van alle gelowiges was die wyn wat uit hierdie nuwe sak gevloei het.

Luther se bydrae tot die Reformasie het egter ook verder as bloot sy teologie gestrek. Die belangrikheid van prediking en musiek in die erediens, die ononderhandelbare belang van die onderrig en lering en sy verstaan van die kerk as die liggaam van Christus het boustene geword in 'n nuwe geloofstradisie van die kerkwees wat soos 'n veldbrand deur die hele Europa versprei het.

Na sy dood in 1546 was geleerdes dit eens: Luther het die historiese kern van die Christendom herontdek!

LEES VOLGENDE WEEK: DIE DRUKPERS WAS 'GOD SE BESTE WERKE'

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE:
BANK : ABSA
TJEK REK : 220 340 333
VERWYSING : Volle Naam, Van & Doel

Of SNAPSCAN:

Barmhartigheid

Deur kollekte